

Hoofstuk van die dag: Matteus 8

> *Jesus sê vir hom: “Jakkalse het gate en voëls het neste, maar die Seun van die mens het nie eens ’n rusplek vir sy kop nie.” (vers 20)*

Dis maklik om bo-oor hierdie woorde van Jesus te lees, en te

dink Hy kon dit doen, want Hy was anders. Maar tog – Hy was regtig méns, soos ek en jy, met al die behoeftes wat ons het, soos veiligheid en sekuriteit. Maar Hy moes leer om daarsonder klaar te kom, want Hy het ander prioriteite gehad – die wil van sy Vader (vgl Joh 4:34).
Jy sou jouself daaraan kon troos dat dit Jesus se lot was, nie ons s'n nie, maar dis nie wat Jesus sê nie. Hy sê vir die Skrifkenner dat presies dít die implikasie is as jy Jesus volg. Jy gee jou aardse sekuriteite prys (vgl Matt 6:19-21 en 25-34), soos Hy gedoen het (Fil 2:5-8).
Daarmee wil Hy nie sê ons moet almal armlastige bedelaars in die wêreld word nie. Maar Hy help ons opnuut nadink oor ons sekuriteite en prioriteite en drome. Oor die vraag waar jou skat is (vers 21). En dan te vra hoe dit in jou doen en late prakties sigbaar word.

Onlangse Bydraes

- Juda
- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026